DIE SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE
VERSLAG VAN DIE NASIONALE VOORSITTER AAN DIE 35STE KONGRES
GEHOU TE BUFFELSPOORT OP 15 OKTOBER 2011

Inleiding

Geagte voorsitter, meneer die President mede dagbestuurslede, ander lede van die NUB, streek afgevaardigdes en ander belangstellendes.

Ek het verlede jaar in my verslag die versoek tot die kongres gerig dat ons in 2011 ons SAWA drome sal uitleef..

Hierdie jaar het egter so vinnig verby gevlieg dat ek die indruk kry dat sommige van ons nog net by droom uitgekom het en nog nie by die uitleef daarvan nie. Daar het egter baie positiewe aktiwiteite plaasgevind gedurende die verslag jaar en sal dit onder die betrokke afdeling van die verslag aangespreek word.

Die kompas soos uitgebeeld op die kongres dokument dui 'n bepaalde rigting aan. Deesdae word daar meer gebruik gemaak van 'n GPS en het dit hoofsaaklik 'n kompas vervang. Ons wat vandag die 2011 kongres bywoon is uiters bevoorreg dat daar binne SAWA verskeie hulpmiddels deur die jare ontwikkel is wat dit vir ons moontlik maak om SAWA op die regte koers te hou.

Ek verwys na ons grondwet, reëls en aanbevelings, Missie en waardes. Indien bogenoemde effektief deur elke streekbestuur en lid uitgeleef word sal SAWA se toekoms verseker wees.

Voorsitter ek doen graag hiermee verslag oor die werksaamhede van ons organisasie vir die tydperk 9 Oktober 2010 tot 15 Oktober 2011.

1. Grondwetlike verpligtinge

Paragraaf 2.4.4. van die grondwet bepaal dat die dagbestuur minstens ses maal per jaar moet vergader. Die afgelope jaar is agt vergaderings gehou wat die vier NUB vergaderings uitsluit.

Alhoewel paragraaf 2.3.3 (0) voorsiening maak dat die onkoste vir hierdie vergaderings deur die nasionale kas vergoed kan word is geen eise daarvoor ingedien nie. Die bepalings van paragraaf 2.4.6 van die grondwet is deur die dagbestuur nagekom.

Die NUB het ook voldoen aan die vereiste van paragraaf 2.5.11 van die grondwet.

Volledige sakelyste en notules is vooraf aan die betrokkenes versend.

Die besluit om die NUB notules aan streke beskikbaar te stel is positief ontvang en het bygedra tot beter kommunikasie.

Uit die verslae van die gebiedsvoorsitters blyk dit dat streke se vergaderings en algemene bestuur op standard is. Dit het egter onder my aandag gekom dat sekere streke nie so gereeld vergader soos vereis in paragraaf 2.6.3 (h) nie.

Ek wil ook 'n beroep op streek voorsitters doen om te verseker dat lede ingelig word van bestuurs besluite. 'n Verdere bron tot kommer is die inhoud van sekere streke se AJVS en die aantal lede wat die vergaderings bywoon. Hierdie vergadering skep die geleentheid vir lede om hulle insette met betrekking tot die suksesvolle funksionering van die streek te gee. Dit sal dalk goed wees om paragraaf 2.6 van die grondwet onder u lede te versprei en nou reeds 'n uitnodiging aan elke lid rig om die 2012 AJV by te woon.

Uit die finansiële state wat reeds vandag hier bespreek en goedgekeur is kan ek rapporteer en ek glo u sal met my saam stem dat ons penningmeester 'n standard gestel het wat van uitstaande gehalte is.

Die voorraad telling op 30 Junie is gehou en alle voorraad is verantwoord. Die bate register is op datum en ter insae by die SAWA kantoor.

Die besluite register word na elke nasionale vergadering deur Christo van der Merwe opdateer in samewerking met die nasionale sekretaris.

2. <u>Finansies Fondsinsameling en Finansiële verslaggewing.</u>

Soos verwag is het die ekonomie nie dramaties verbeter nie en is rentekoerse op dieselfde vlak of selfs laer as verlede jaar dieselfde tyd.

Ons lede raak meer koste sensitief en nie sonder rede nie. Ek het al by verskeie geleenthede versoek dat streke sensitief moet optree by die beplanning van saamtrekke om soveel as moontlik lede te akkomodeer.

Danksy die ondersteuning by die Presidente, Noordelike Presidente en die bydraes vanuit die twee suidelike gebiede kon ons die jaar met 'n surplus afsluit. Reiskoste is verder beperk en met 'n bedrag van R68 367 binne begroting afgesluit.

Eredienskollektes by nasionale saamtrekke het 'n groot styging getoon en elke lid word daarvoor bedank.

Die finansiële state word deur 'n onafhanklike eksterne ouditeur nagegaan nadat dit deur ons penningmeester volgens neergelegde vereistes opgestel is. Danksy Fanie Jordaan het ons die afgelope vyf jaar nog elke jaar 'n skoon oudit rapport terug ontvang.

Die lootjies vir die grootskerm "TV" het weer groot byval gevind en die gelukkige wenner sal vanaand tydens die dinee aangekondig word.

Dankie aan die streke wat hulle finansies met groot omsigtigheid hanteer en hulle rekeninge by die kantoor stiptelik vereffen.

Aan Juliana vir die dag tot dag hantering van die finansies en voorraad baie dankie.

3. Ledetal en Uitbreiding

Op 30 Junie 2010 was die ledetal 1690 en op 30 Junie 2011 was dit 1692. Indien die aansluitings vanaf 1 Julie 2011 ontleed word lyk dit soos volg:

Goeie Hoop 1
Goue Weste 12
Jakaranda 2
Kaap Middellande 6
Oosrandia 1
Oos Transvaal 1
Oranje Goud 2
Stellaland 1
Vaaldriehoek 5

Met bogemelde in ag geneem is ek van mening dat daar ruim geleentheid bestaan reg oor die land vir die werf van lede. Ons moet net elke bestaande lid pro-aktief betrokke kry by hierdie aksie.

By elkeen van die bestaande satelliete is daar positiewe groei en het Rietfontein ook tydens die Augustus NUB toestemming gekry om as volwaardige streek te stig na afloop van die November NUB.

Daar moes noodgedwonge by van ons streke gedurende die jaar bestuurs veranderinge aangebring word maar ons glo dat alles binne hierdie streke alreeds weer vlot verloop en baie dankie aan die lede wat op kort kennisgewing bereid was om die leisels te vat.

4. Sawanant, webwerf

Geagte voorsitter die publikasie komitee het volledig verslag gedoen aan die kongres soos vervat op bladsye 60 en 61 van die dokument. Ek wil egter beklemtoon dat ons meer klem op kommunikasie sal moet lê.

Dit gebeur nog te veel dat lede inligting by die SAWA kantoor kry wat reeds op streekvlak gekommunikeer moes word, daarom moet die doel en plek van 'n streeknuusbrief nie gering geskat word nie. Ons moet nie aanvaar dat alle lede oor elektroniese hulpmiddels beskik nie.

Aan elkeen wat bydraes tot die webwerf en Sawanant gelewer het baie dankie. Die gehalte van die bydraes en fotos verbeter nog steeds en die be-oordeling ten einde die wenners te bepaal raak 'n uitdaging. Baie dankie aan Diana en Alet asook Chris vir julle ywer en entoesiasme waarmee julle die werk doen.

Aan elke lid en streek wat vanaand 'n trofee gaan verower byvoorbaat geluk.

5. Samewerking met Borge en ander instansies

Ons nasionale skakelbeampte is voordurend in gesprek met woonwa handelaars asook Jurgens CI om gunstige handels en ander voordele vir lede te beding.

Skakeling met Sunseeker woonwaens asook Pretoria woonwaens is die afgelope jaar verbeter.

Die samewerking met Jurgens CI is op goeie voet en word ons ook ruim deur hulle ondersteun. Daar is ook goeie samewerking met Bobo Campers en was hulle die hoofborg van die kaskar wedren en uitstaller by die Presidente. Danksy die betrokkenheid van Christo van der Merwe is Sanparke baie tegemoetkommend teenoor SAWA en is hulle bereid om ons onder buitengewone omstandighede te akkomodeer tydens die nasionale toer na die 2012 kongres.

Op 21 September 2011 is 'n werkswinkel deur die Federasie in samewerking met die AA gehou wat deur professor Ernie Heath

gefasiliteer is. Daar is vyf fokus areas geidentifiseer waaraan die Federasie sal aandag gee voor sy volgende AJV in Junie 2012.

6. Bedankings

Ek wil begin deur elke lid te bedank vir die bywoning van saamtrekke en deelname aan die naweek aktiwiteite.

Aan elke bestuurslid baie dankie dat u bereid is om voor te loop en ons organisasie te dien. Geluk ook aan u almal wat tydens die afgelope AJVS verkies of herkies is.

Die gebiedsvoorsitters wat vandag aan die einde van 'n dienstermyn binne SAWA kom baie dankie. Ek sal vanaand tydens die dinee elkeen van u meer persoonlik bedank.

Baie dankie aan ons borge en donateurs. Aan ons redaksie vir die versorging van die webwerf en sawanant.

Aan ons Presidentspaar Nico en Sarie baie dankie vir 'n jaar se raad en bystand. Alhoewel Sarie 'n groot rug operasie moes ondergaan het sy nooit haar plig versuim nie.

Aan Juliana baie dankie dat jy tydig en ontydig deur lede gepla kan word en altyd bereid is om te help. Aan Andre dankie dat ons 'n deel van julle huis as SAWA kantoor kan gebruik.

Christo van der Merwe wat as toerleier opgetree het en reeds weer volstoom aan die beplan is vir 2012 se toer.

Fanie Marx vir jou betrokkenheid by die Federasie en sleepkompetisie.

Streek Kosmos wat sonder aarseling ingewillig het om hierdie kongres aan te bied en Oosvaal vir die verversings tydens ons oggendtee.

Aan Willie, Andre en Fanie wat elkeen sy taak met ywer uitgevoer het baie dankie.

Meneer die voorsitter ek wil tog vandag iemand uitsonder by die bedankings en dit is vir jou. Ek was bevoorreg om sedert 1999 in dieselfde span as jy te trek.

Sedert 2006 was jy as ondervoorsitter vir my die kompas waarheen ek kon terug verwys wanneer die pad soms mistig geword het.

Jou beslissende en vasberade optrede het my by meer as een geleentheid die rigting gewys en jy het SAWA sonder voorbehoud gedien.

Ons gaan jou en Ansie mis maar ek het reeds teenoor jou onderneem dat jou betrokkenheid behou sal word maar op ander vlakke.

Aan ons dagbestuurdames vir al julle harde werk en laat wakker bly tydens ons vergadering. Aan Kittie baie dankie vir haar ondersteuning en dankie dat SAWA se lede my met haar deel.

Voorsitter ter afsluiting.

Kom ons neem uit hierdie kongres elkeen 'n kompas met ons terug na ons lede sodat SAWA op die regte pad voortgaan en steeds die Leier in woonwa kampering kan bly.

Dankie aan ons Skepper vir Sy genade wat hy in 2011 mildelik oor SAWA uitgestort het.

Ek dank u

Jurie Dreyer
Nasionale Voorsitter